graad 7 - 10 kategese '09

Sondag 16 | 2 AUG

GENADE

Debrief

- Dink bietjie aan iets wat jy nie verdien het nie, of iemand wat vir jou iets gedoen het wat jy niks voor terug moes doen nie.
- Deel dit met mekaar in die groep. Fokus op hoe dit voel om iets verniet te kry.

Luister

- Lees saam Joh 8:1-11
- Lees saam Rom 3:21-24

Gesprek!

- Gesels 'n bietjie oor hoe elkeen God sien. Wat is jou prentjie van God?
  - Luister na hoe elkeen vertel – baie mense dink aan God as iemand liefdevol maar wanneer hulle bid of nie by bid uitkom nie / of sondig dan voel hul skuldig en wil nie met God praat nie want hulle kry te skaam. Dan kom jy agter hulle beeld van God is eintlik iemand wat ons op'check' die heeltyd.
- Gesels dan oor hoe die prentjie van God lyk in hierdie twee gedeeltes:
  - Ons lees hier hoe Jesus 'n vrou GENADIG is ten spyte van haar sonde – terwyl al die ander mense haar wou stenig. Dink bietjie hoe het sy verwag gaan hierdie MAN Jesus teenoor haar optree. Watter prentjie het sy dalk van God gehad totdat sy die dag vir God in lewende lywe ontmoet het.
  - In Romeine hoor ons die storie van die mens wat SONDIG is en verdien om HEL toe te gaan. Maar Jesus word in ons plek vir die SONDE gestraf en op die manier word ons sonder dat ons ENIGE IETS GEDOEN het GERED! Want die Here is genadig.
- Wat is GENADE?
  - Genade is wanneer ek iets kry sonder dat ek dit verdien – ek het niks daarvoor gedoen nie en kan in die toekoms nie iets daarvoor doen nie. Ek moet dit vat.
  - **Miskien moet jy vir elkeen 'n klein GESKENK vat wat illustreer as jy iets kry uit liefde en nie omdat jy dit verdien nie.**
- Ons weet baie keer van genade, maar het jy al GENADE beleef aan jou eie lyf?
  - Ons moet gereeld stilstaan by die TEOLOGIE van genade. Dit is waarskynlik die mees essensiele komponent van Gereformeerde teologie – die feit dat ons uit genade gered word.
  - As jy genade verstaan in jou lewe – sal jy anders leef en optree voor die Here.

Wrap-up!

- Bid vandag en sê dankie vir alles wat jy uit GENADE ontvang.